basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

MUSIEK

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 23 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
1.	Inleiding	3
2.	Assessering in Graad 12	4
2.1	Formaat van die Musiek-vraestelle	4
2.2	Praktiese eksamen	12
	2.2.1 Organisasie	12
	2.2.2 Gedrag gedurende die eksamen	12
	2.2.3 Standaardisering van die eksamen	12
2.3	Taksonomie	13
3.	Voorkennis	15
3.1	Prakties (Onderwerp 1)	15
3.2	Geskrewe eksamen Vraestel 1	15
3.3	Geskrewe eksamen Vraestel 2	15
4.	Kwaliteit van inhoud, taalgebruik en aanbieding	16
VOORBEELD VAN GEHOORTOETS: Vraestel vir eksaminator		17
VOORBEELD VAN GEHOORTOETS: Antwoordblad vir kandidaat		18
5.	Assesseringskriteria	20
5.1	Tegniese vaardigheid	20
5.2	Bladlees	21
5.3	Voordragstukke	22
6.	Slot	23

1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Musiek beskryf die aard en doel van die vak Musiek. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorsertifikaat (NSS) -eksamen in Musiek geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA), Praktiese Assesseringstake (PAT'e) of finale eksterne praktiese eksamens, wat in 'n aparte PAT-dokument verduidelik word en elke jaar opgedateer word, nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)*: Musiek
- Die Nasionale Protokol vir Assessering: *'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12

2. ASSESSERING IN GRAAD 12

2.1 FORMAAT VAN DIE MUSIEK-VRAESTELLE

MUSIEK VRAESTEL 1 – AFDELING A, B, C, D EN E (120 PUNTE)

- Die tydsduur van die vraestel is drie uur. 'n Uur en 'n half moet bestee word aan vir Afdeling A (**Onderwerp** 2 – musiekgeletterdheid) en 'n uur en 'n half aan Afdeling B, en C of D of E (**Onderwerp 3** – Algemene Musiekkennis)
- Kandidate mag geen toegang tot 'n musiekinstrument vir die duur van die eksamen hê nie.

AFDELING A: 60 PUNTE (Musiekgeletterdheid)

Vraag 1: Musiekteorie (20 punte)

- Vrae wat handel oor musiekteorie sal gebaseer word op 'n verskeidenheid musiekpartiture. Kort vrae, onverwant aan die gegewe partituur kan ook gevra word.
- Die volgende aspekte mag ingesluit word:
  - Tydmaattekens en ritme
  - Toonlere en modusse
  - Toonsoorttekens
  - Intervalle
  - Transponering en transkripsie
  - Musiekterme
  - Komposisietegnieke

Vraag 2: Komposisie (15 punte)

- Daar sal van kandidate verwag word om 'n 12-maat-melodie waarvan die aanvangsmotief gegee word, in ABA-vorm in enige (majeur of mineur) toonsoort te voltooi. Dinamies vlakaanduidings en artikulasie aanduidings moet korrek in die partituur aangebring word.
- Die byvoeg van 'n eenvoudige baslyn of akkoordprogressie sal nie in hierdie vraestel gevra word nie. (Dit behoort in die PAT'e geïnkorporeer te word.)

Vraag 3: Harmonie (25 punte)

- Vraag 3.1 Analise (10 punte): Vrae oor harmoniese analise sal uit 'n verskeidenheid partiture gevra word.
- Die volgende aspekte mag ingesluit word:
  - Toonsoort
  - Akkoorde en akkoordprogressies
  - Kadense
  - Non-akkoordnote
  - Komposisietegnieke
- Vraag 3.2 Harmonisasie (15 punte): Daar sal van kandidate verlang word om 'n gegewe sopraanmelodie te harmoniseer deur drie partye by te voeg (alt, tenoor en bas) OF om 'n instrumentale stuk waarvan die melodie gegee word, te voltooi.
- Alle antwoorde moet van toepaslike besyfering voorsien word (Romeinse syfers vir vierstemmige harmonie (WAM of IAM) en akkoordsimbole vir die instrumentale antwoorde (JAZZ of IAM).

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: 20 PUNTE (Algemene Musiekkennis)

Vraag 4: Verpligte Kort vrae (20 punte)

- Van kandidate sal verwag word om kort vrae te beantwoord wat handel oor algemene aspekte van musiek wat bestudeer is vanaf Graad 10–12:
  - Elemente van musiek: toonkleur (timbre), toonhoogte (melodie, harmonie, tonaliteit), toonduur (metrum, ritme, tempo) toonsterkte (dinamiek), tekstuur (toondigtheid), vormstruktuur, stemming en atmosfeer
  - Styl: Westerse Kunsmusiek, Jazz, Inheemse Afrika Musiek
  - Instrumente en instrumentklassifikasie
  - Vormanalise: AB, ABA (Minuet en Trio), AABA, basiese vorms van Afrika-musiek
  - Die Suid-Afrikaanse Musiekindustrie

AFDELING C: Westerse Kunsmusiek (40 PUNTE)

- **Neem kennis van die volgende belangrike aspekte:**
  - Definisies van alle genres (Simfonies en uit die Opera)
  - Die ontwikkeling van instrumente met verwysing na die simfonie
  - 'n Samevatting van die historiese ontwikkeling van die opera
  - Inhoud soos gegee in die KABV

- **Omvang van die voorgeskrewe werke:**

Simfonie No. 6 in F, Op. 68 van L van Beethoven

- Alle bewegings
- Basiese ontleding van
-

Eerste beweging: *Gelukkige aankoms op die platteland*
Vierde beweging: *Donderstorm*
Vyfde beweging: *Herderslied*

Simfoniese Toondig: *Fingal's Cave* (*Hebride Overture Op. 26*) van F Mendelssohn

- Hele werk

Opera: **Die Towerfluit, K 620 van Mozart**

- **Overture**
- **Eerste bedryf**
  Aria: *Der Vogelfänger bin ich ja*
  Aria: Dies Bildnis ist bezaubernd sehön
  Duet: *Bei Männern welche Liebe Fűhlen*
  Koor: *Es lebe Sarastro, Sarastro lebe!*
- **Tweede bedryf**
  Aria: *O Isis und Osiris*
  Aria: *Der Hölle Rache kocht in meinem Herzen*
  Aria: *In diesen heil'gen Hallen*
  Aria: *Ein Mädchen oder Weibchen*
  Duet: *Pa-, pa-, pa-*

Vraag 5: Kortvrae (10 punte)

- Simfonie en Simfoniese Toondig
- Opera
- Vormanalise (voorgeskrewe werke, bv. sonatavorm)
- Oorsprong en ontwikkeling van die orkes en instrumentasie

Vraag 6 – 8: Paragrawe/Vergelykings/kort notas, ens. (15 punte)

- Simfonie en Simfoniese Toondig
- Opera
- Vormanalise
- Oorsprong en ontwikkeling van die orkes en instrumentasie

Vraag 9: Opstel (15 punte)

- Simfonie en Simfoniese Toondig
- Opera
- Vormanalise
- Oorsprong en ontwikkeling van die orkes en instrumentasie

OF

AFDELING D: JAZZ (40 punte)

- **Neem kennis van die volgende belangrike aspekte:**
  - Definisies, elemente en karaktereienskappe van alle genres
  - Kort biografiese besonderhede van komponiste, kunstenaars en groepe
  - Inhoud soos gegee in die KABV

- **Aanbevole werke:**

Marabi- en vroue-Marabi-groepe
- The Jazz Maniacs: *Gully Low Blues*
- The Merry Blackbirds: Manhattan Brothers with Merry Blackbirds' Orchestra: Pesh*eya' Kwezo Ntaba*
- The Manhattan Brothers: *Jikela Emaweni, Pesheya' Kwezo Ntaba*
- The Flying Jazz Queens: Langa More, Siyahamba
- Mahotella Queens: *Marena*
- The Dark City Sisters: *Bina O Kara-Kara, Mahutsana*

Kwela
- Spokes Mashiyane: *Phata Phata*, *Banana Ba Rustenburg*
- Lemmy Mabaso: *See you later*, *Little Lemmy*
- Elias Lerole: *Mafeking*

Mbhaqanga
- Makgonatsohle Band: *Umjomela*
- Cool Crooners: *Bulugwe Iami*
- Soul Brothers: *Wamuhle*
- Miriam Makeba: *Pata Pata*

Nuwe Jazz
- The Jazz Epistles: *Vary-oo-vum*
- Philip Tabane: *Khoedi* ("The Moon")
- Todd Matshikiza: *Tshona*
- Gideon Nxumalo: Chopi Chopsticks: *Split Soul*

Vroeë Jazz sangers
- Miriam Makeba: *Pata Pata*, *Lakutshonilanga*
- Dolly Rathebe: *Meadowlands*
- Thandi Klaasen: *Sophiatown*

Jazz in ballingskap
- The Blue Notes: *Here I am*
- Brotherhood of Breath: *Mra*, *Country Cooking*
- The Union of South Africa includes Hugh Masekela *Dyambo*, *Shebeen* (Chisa records)

Jazz ter plaatse
- Spirits Rejoice: *Joy*, *I'm so strong now*
- Sakhile: *Sakhile*, *Isililo*
- ZimNqawana: *eBhofolo*

Cape jazz
- Dollar Brand (Abdullah Ibrahim): *Mannenberg*, *Soweto is where it's at*; *Tsakwe* (Royal Blue)
- Robbie Jansen: *Hoija Tjie Bonga*, *Tsakwe*, *Sommer Ghoema*
- Winston Mankunku Ngozi: *Abantwana be Afrika*, *Crossroads*

Onlangse jare
- Feya Faku: *The Colours They Bring*, *Mr Ibrahim*
- Moses Molelekwa: *Ntate moholo*, *Genes and Spirits*
- Voice: *Sinivile* (We heard you), Sweet Anathi: *Blues for Green*

Vraag 10: Kortvrae (10 punte)

- Alle style en genres wat in die KABV genoem word.

Vraag 11 – 13: Paragrawe/Vergelykings/kort notas, ens. (15 punte)

- Alle style en genres wat in die KABV genoem word

Vraag 14: Opstel (15 punte)

- Alle style en genres wat in die KABV genoem word

OF

AFDELING E: Inheemse Afrika-musiek (40 punte)

- **Neem kennis van die volgende belangrike aspekte:**
  - Navorsingsgeskiedenis van modern IAM
  - Definisies, elemente en karaktereienskappe van alle genres
  - Kort biografiese besonderhede van komponiste, kunstenaars en groepe
  - Inhoud soos gegee in die KABV
  - TEMAS
    A. Migrante-arbeidstelsels ('Labour System')
    B. Ontwikkeling van Afrika Jazz in verhouding met internasionale ontwikkelinge
    C. Tydlyn

- **Aanbevole werke:**

(Afro Soul)
- Jabu Khanyile [Mbombela]: T*he train from Mozambique*
- Hugh Masekela [Stimela] – *The train*
- Mirriam Makeba: *Ngoma kurila*

Mbhaqanga
- Simon 'Mahlathini' and the Mahotella Queens: *Melodi yalla en Sithunyiwe*
- Makgonatsohle Band: *Umjomela*
- Cool Crooners: *Bulugwe Iami*
- Soul Brothers: *Wamuhle*
- Miriam Makeba: *Pata Pata*
- Dolly Rathebe: *Tihapi Ke Noga*

Maskandi
- iHashi elimhlophe: *Nkiyankiya* **en** Phezekhemisi: *Phezekhemisi-Imbizo*

Isicathamiya
- Ladysmith Black Mambazo: *Homeless* **en** *Unomathemba*

Malombo jazz
- Phillip Tabane: *Ngwana wa lela* **en** *Malombo* **en** *Phamba Madiba* (White river**)**

Free Kiba
- Sello Galane: *Pula* **en** *Fegolla Saborala*

Vraag 15: Kortvrae (10 punte)

- Alle style en genres wat in die KABV genoem word

Vraag 16 – 18: Paragrawe/Vergelykings/kort notas, ens. (15 punte)

- Alle style en genres wat in die KABV genoem word.

Vraag 19: Opstel (15 punte)

- Alle style en genres wat in die KABV genoem word.

MUSIEK VRAESTEL 2 (MUSIEKBEGRIP) – AFDELING A, B EN C (30 PUNTE)

- Die duur van die vraestel is een en 'n half uur.
- In Vraestel 2 sal van kandidate verwag word om te reageer op musiek van 'n verskeidenheid style en tradisies.
- Die vraestel sal voltooi word terwyl die kandidate luister na die klankbaan van die amptelike CD wat vir die eksamen geskep is.
- Elke graad 12-eksamensentrum moet luisterapparaat verskaf waarmee die CD aan die kandidate voorgespeel kan word tydens die finale eksamen.
- Indien 'n skool meer as een stroom (WKM, Jazz, IAM) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
  - Elke stroom/keuse moet in 'n aparte lokaal geskryf word.
  - Elke lokaal moet toepaslike klanktoerusting hê.
  - Elke lokaal moet sy eie CD hê. (Die Departement moet betyds ingelig word watter CD's benodig word.)
  - 'n Toesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.
- Die CD moet getoets word deur die hooftoesighouer, een week voor die dag van die eksamen. Dit moet op dieselfde apparaat getoets word as wat in die eksamen gebruik gaan word.
- Die musiekonderwyser mag nie teenwoordig wees tydens die toets van die CD nie.
- Gedurende die eksamen moet die toesighouer/musiekonderwyser die snitte speel volgens die aanduidings in die vraestel. Genoeg tyd moet tussen vrae toegelaat word sodat kandidate die vrae met gemak kan voltooi.
- **Alle vaardighede en toepassing van kennis wat verwerf is in Graad 10 en 11 sal getoets word saam met die nuwe kennis verwerf in Graad 12.**

AFDELING A: GEHOORHERKENNING (10 punte)

Die volgende tipe vrae sal gevra word.
- Ritmiese diktee
- Ritmies en melodiese diktee
- Herkenning van intervalle, toonlere, non-akkoordnote, akkoorde, kadense, komposisietegnieke

AFDELING B: Herkenning (12 punte)

Vraag 4, 5 en 6: Keusevrae

(Daar sal keusevrae vir die WKM, JAZZ en IAM-strome wees)
- Vrae sal gevra word oor genres, stylperiodes, instrumente en stemme
- Alle kandidate moet hulself voorberei deur te luister na 'n verskeidenheid aan musiekvoorbeelde wat die basiese kennis van graad 10 en 11 bevat. Dit sluit die voorgeskrewe genres, musiekstyle, komponiste, kunstenaars, musikale vorms, styleienskappe, instrumente, ens. in.

AFDELING C: VORMLEER (8 punte)

Vraag 7: Vormanalise

- Vrae oor die volgende vormstrukture sal ingesluit word:
  - Tweeledige vorm (AB)
  - Drieledige vorm (ABA)
  - AABA
  - Twaalf-maat Blues
  - Vers-en-refrein-vorm
  - Basiese Afrika-vorms: Vraag en Antwoord, Solo liedere, Gemengde struktuurvorms
- 'n Partituur sal in die eksamen voorsien word. Kandidate moet by magte wees om die hoofseksies, toonsoorte, kadense en komposisietegnieke in die partituur aan te toon. Vrae verwant aan die partituur wat 'n geskrewe antwoord vereis, kan ook gevra word.

Die volgende vier tabelle bied 'n oorsig van die assessering van musiek as vak.

Onderwerp	**Maksimum punte**
Praktiese eksamen	
Onderwerp 1: (Musiekuitvoering en Improvisasie)	**150**
Geskrewe eksamen	
Onderwerp 2 en Onderwerp 3 **Vraestel 1** (Musiekgeletterdheid en Algemene Musiekkennis en Analise) **Vraestel 2 (Onderwerp 2 en Onderwerp 3)** (Musiekbegrip)	 **120** **30**
TOTALE PUNT	**300**

Praktiese Eksamen

Vergelykbaar met ten minste Graad 5 van eksterne eksamenliggame (Royal Schools (ABRSM), Unisa, Trinity College (Guildhall)	**Maksimum punte**
Tegniese vaardigheid	20
Voordragstukke	4X25 =100
Bladlees	15
Gehoortoetse	15
TOTAAL	**150**

Kopiereg voorbehou

Geskrewe Eksamen: VRAESTEL 1 (3 uur)

Musiekgeletterdheid		
Afdeling A	Musiekteorie (Musiekgeletterdheid)) Komposisie Harmoniese Analise Harmonisasie	20 15 10 15
	TOTAAL	**60**
Algemene Musiekkennis en Analise		
Afdeling B (Kortvrae) Verpligtend vir alle kandidate	Elemente van Musiek Musiekstyle Instrumente Vormleer	**20**
Afdeling C **WAM**	Kortvrae Paragrawe, vergelykings, kort aantekeninge ens. Opstel	10 15 15
		40
OF		
Afdeling D **JAZZ**	Kortvrae Paragrawe, vergelykings, kort aantekeninge ens. Opstel	10 15 15
OF		
Afdeling E **IAM**	Kortvrae Paragrawe, vergelykings, kort aantekeninge ens. Opstel	10 15 15
		40
	TOTAAL (Afdeling B en C of D of E)	**60**
TOTAAL VAN VRAESTEL		**120**

Musiekbegrip: VRAESTEL 2 (1½ uur)

Afdeling A	**Gehoor** Herkenning, kadense, intervalle, akkoorde, tydmaattekens, nie-akkoordnote, toonlere, komposisietegnieke Geskrewe diktee: ritmies en melodies	**10**
Afdeling B Verpligte vrae oor die basiese kennis van Graad 11-inhoud WAM, JAZZ en IAM (4 punte) Keusevrae oor Graad 12-inhoud vir WAM, JAZZ en IAM (8 punte)	**Herkenning** Genres Musiekstyle Stylperiodes Instrumente Stemme	**12**
Afdeling C	**Vormleer en analise** (Verwys na bladsy 15 van die KABV-dokument vir die vormstrukture wat bestudeer behoort te word)	**8**
TOTAAL		**30**

2. PRAKTIESE EKSAMEN

2.2.1 ORGANISASIE

- Die finale praktiese eksamen word afgeneem deur 'n paneel van ten minste twee eksaminatore, bestaande uit 'n moderator (vakadviseur) en een instrumentale spesialis (onderwyser).
- Geen student mag deur 'n onderwyser (ook eksterne praktiese onderwyser) van sy skool geëksamineer word nie, maar mag deur dié onderwyser vir sy praktiese eksamen op 'n instrument begelei word.
- Die eksamens vind plaas tussen Augustus en Oktober elke jaar.
- 'n Eksamenrooster word opgestel in medewerking met die skool (Departementhoof van Musiek), en die Provinsiale Departement (Provinsiale ko-ordineerder).
- 'n Teenwoordigheidsregister moet deur al die kandidate geteken word op die dag van die eksamen.
- Alle aspekte van die eksamen word hanteer gedurende 'n sessie van ongeveer 30–40 minute per kandidaat.
- Die eksamen hoef nie noodwendig op die skoolperseel plaas te vind nie, maar die plek moet geskik wees en van die nodige apparaat voorsien wees en relatiewe stilte moet rondom die lokaal gehandhaaf word.
- Kandidate moet in skooluniform geklee wees.
- Alle dokumentasie, bv. eksamenvorms, toonleerlyste, gehoortoetse en bladleestoetse sal deur die Provinsiale Departement verskaf word.

2.2.2 GEDRAG GEDURENDE DIE EKSAMENSESSIE

- Eksaminatore en kandidate moet ten minste 30 minute voor die aanvang van 'n eksamen gereed wees om te verseker dat alles gereed is.
- Kandidate moet 'n kopie van die amptelike toonleerlys/tegniese werklys (UNISA, ABRSM of Trinity Guildhall) inhandig waarvan af die tegniese werk gevra kan word. Geen handgeskrewe lys sal aanvaar word nie.
- Kandidate moet die oorspronklike partituur en twee kopieë van die voordragstukke inhandig tydens die eksamen.
- Kandidate moet 'n kopie van hul ID inhandig wanneer hul die eksamenlokaal binnegaan.

2.2.3 STANDAARD VAN DIE EKSAMEN

- Alle voordragstukke moet ten minste van 'n Graad 5-standaard (vergelykbaar met die standaarde van UNISA, ABRSM of Trinity Guildhall) wees. Dit is 'n minimum vereiste. Onderwysers moet seker maak dat al die voordragstukke aan die minimum vereiste voldoen. Enige onsekerheid moet so vroeg as moontlik met die Provinsiale Vakadviseur uitgeklaar word. Stukke wat nie aan die minimum standaard voldoen nie, sal proporsioneel as volg gepenaliseer word:
  - Graad IV: Punt × 4/5
  - Graad III: Punt × 3/5
  - Graad II: Punt × 2/5
  - Graad I: Punt × 1/5
- Die minimum standaard vir die tegniese werk van WAM en JAZZ is ook Graad 5 (UNISA, ABRSM of Trinity Guildhall). As 'n kandidaat eerder verkies om tegniese werk van 'n hoër standaard aan te bied (Graad 6–8), moet die volledige lys van die bepaalde graad aangebied word. 'n Kandidaat kan nie haar/sy eie lys uit verskillende grade saamstel nie.
- As 'n kandidaat meer as een instrument bespeel, mag sy/hy kies op watter instrument die tegniese werk aangebied word.
- Kandidate wat inheemse Afrika-instrumente aanbied, moet twee studies op die hoofinstrument OF een studie op elk van die twee inheemse instrumente aanbied.

Kopiereg voorbehou

- Kandidate wat die stem as instrument aanbied, mag tegniese oefeninge (bv. Unisa, Trinity Graad 5–8) OF twee vokale studies (vaccai) aanbied.
- Alle kandidate sal 'n bladleestoets in die eksamenlokaal doen wat ten minste op 'n Graad 5-vlak (UNISA, ABRSM of Trinity Guildhall) vir WAM en JAZZ sal wees. Gelykwaardige bladlees sal ook vir IAM-kandidate voorsien word.
- Gehoortoetse sal deur die Provinsiale Departement voorsien word en sluit drie toetse in: bladsang, die klap van 'n ritme en sing van drieklanke.
- Voorbeeldvrae volg op die volgende bladsy.

2.3 TAKSONOMIE

'n Verskeidenheid van kognitiewe vlakke sal in die geskrewe vraestelle reflekteer word in die onderstaande verhoudings.

30%	Laervlakvrae (Vlakke 1 & 2)
40%	Middelvlak vrae (Vlakke 3 & 4)
30%	Hoëvlak vrae (Vlakke 5 & 6)

Die tabel hieronder gee 'n aanduiding van die verskillende vlakke waarop vrae gestel kan word.

Kennis	**Begrip**	**Toepassing**	**Analise**	**Evaluering**	**Kreatiwiteit**
Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 5	Vlak 6
• Definieer • Beskryf • Vind • Identifiseer • Lys • Luister • Pas • Noem • Noteer • Herken • Kies	• Klassifiseer • Demonstreer • Beskryf • Bespreek • Doen • Verduidelik • Gee voorbeelde • Illustreer • Dui aan • Gee 'n oorsig • Vat saam	• Pas toe • Verander • Kies • Vergelyk • Voltooi • Konstrueer • Kontrasteer • Bepaal • Besyfer akkoorde • Noteer • Orden • Wys • Gebruik	• Analiseer • Klassifiseer • Vergelyk • Lewer kritiek • Onderskei • Dui verskille aan	• Verduidelik • Besyfer akkoorde • Aflei • Interpreteer • Kies • Skei • Bestudeer	• Beoordeel • Oortuig • Debatteer • Ondersoek • Vind foute • Beoordeel • Beveel aan

LET WEL: Die moeilikheidsgraad van 'n vraag word nie alleen bepaal deur die werkwoord wat gebruik word nie – eerder deur die konteks van die vraag en inhoud.

RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN WERKWOORDE TYDENS DIE FORMULERING VAN 'N VRAAG

Vlak 1

• Lys	stel so bondig as moontlik, bv. *Lys twee Maskandi-kunstenaars*
• Benoem	verskaf die naam, bv. *Noem die komponis van die* Pastorale Simfonie
• Identifiseer	om 'n item te isoleer tussen ander inligting, bv. *Identifiseer die tipe nie-akkoordnoot*
• Beskryf	om 'n kort weergawe van iets te gee, bv. *Beskryf die instrumente wat in 'n uitvoering van* Pata Pata *deur Miriam Makeba gebruik word*
• Definieer	om die presiese betekenis van 'n term of konsep te gee, *Definieer 'n ouverture*

Vlak 2

• Verduidelik	om iets duidelik te stel, bv. *Verduidelik wat maskandi is in jou eie woorde*
• Vat saam	om 'n verkorte weergawe van die essensiële feite te gee, bv. *Skryf 'n kort samevatting van die verhaal van* Die Towerfluit
• Gee 'n oorsig	om die basiese feite te verskaf, bv. *Skets die buitelyne van die geskiedenis van Kaapse Jazz*
• Doen	Om 'n instruksie te volg, bv. *Skryf 'n majeur toonleer met vier kruise*

Vlak 3

• Vergelyk/ Kontrasteer	Om aan te dui hoe konsepte/style/werke ooreenstem en verskil, bv. *Vergelyk die styleienskappe van Abdullah Ibrahim en Robbie Jansen*
• Gebruik	deur informasie te gebruik om betekenis duidelik te maak, bv. *Gebruik die volgende lys elemente en skryf 'n paragraaf wat handel oor die styleienskappe van Mozart*
• Toepassing	Om kennis en begrip in te span ter verduideliking, bv. *Herskryf die gegewe melodie in die relatiewe mineur toonsoort*

Vlak 4

• Onderskei	om tussen konsepte te onderskei, bv. *Dui die verskille aan tussen die uiteensetting en heruiteensetting van sonatevorm*
• Dui verskille aan	Om eienskappe te identifiseer wat verskille aantoon, bv. *Wat is die verskil tussen die programsimfonie en die simfoniese toondig?*
• Lewer kritiek	Om 'n opinie te gee gebaseer op grondige kennis, bv. *Hoe manifesteer eienskappe van Afrika-jazz in hierdie stuk?*
• Analiseer	om kleiner onderdele van 'n saak te onderskei en te ondersoek ten einde begrip te verbeter, bv. *Analiseer die vorm van die meegaande lied/aria*
• Besyfer akkoorde	om akkoorde en akkoordprogressies te beskryf, bv. *Verskaf 'n besyfering van die akkoorde in maat 5 en 6 deur die toonsoort, akkoord en omkering neer te skryf*

Vlak 5

• Beoordeel	maak 'n stelling t.o.v. kwaliteit, bv. *Beoordeel die stilistiese akkuraatheid van die volgende jazz-solo*
• Ondersoek	om 'n dieptestudie van 'n bepaalde aspek te doen, bv. *Hoe verander die tekstuur van hierdie komposisie tussen mate 12 en 20?*
• Debatteer	om 'n saak van twee kante te beskou, bv. *Debatteer in jou eie woorde of Beethoven as 'n Klassieke of Romantiese komponis beskou kan word*

Vlak 6

• Komponeer	om nuwe musiek te skep, bv. *Komponeer 'n melodie deur die gegewe aanvangsnote te gebruik*
• Harmoniseer	om 'n melodie te harmoniseer of 'n begeleiding daarvoor te skryf, bv. *Skryf 'n begeleiding vir die volgende melodie.*
• Gee 'n opinie	om 'n grondige mening te gee van 'n werk of uitvoering, bv. *Gee twee redes waarom jy die uitvoering as esteties bevredigend beskou of nie*

3. VOORKENNIS – GRAAD 10 & 11

3.1 Prakties Werk (Onderwerp 1)

In sover dit die praktiese komponent van Musiek betref, moet alle kandidate deurlopende, individuele musiekonderrig ontvang in die instrument (of stemtipe) van hul keuse vanaf Graad 8. Kandidate behoort ten minste Graad 4-vlak (ABRSM of UNISA of TRINITY COLLEGE GUILDHALL) teen die einde van Graad 11 te bereik. Sommige kandidate kan wel verder gevorderd wees as die Graad 4-vlak, 'n situasie wat aangemoedig behoort te word, maar wat nie vereis word nie, a.g.v. verskillende omstandighede en agtergronde.

Die verworwe voorkennis en vaardighede tot en met Graad 11, is van kardinale belang vir die suksesvolle aanbieding van musiek as vak in Graad 12.

Kandidate kan nie met Musiek as vak in Graad 12 begin nie, tensy hulle die nodige praktiese vaardighede reeds verwerf het.

3.2 Geskrewe Eksamen: Vraestel 1 (Onderwerp 2 en Onderwerp 3)

Kandidate **mag nie toegang hê** tot 'n musiekinstrument gedurende die eksamen nie.

Musiekgeletterdheid (Onderwerp 2) is van nature 'n akkumulerende studie wat oor drie jaar strek (Graad 10, 11 en 12) Daarom sal die inhoud van die afdeling wat handel oor Musiekgeletterdheid, elemente insluit wat in Graad 10 en 11 geleer is.

Algemene Musiekkennis en Analise (Onderwerp 3) is 'n meer selfstandige eenheid in al drie strome (WAM, JAZZ, IAM) en vrae sal daarom hoofsaaklik uit die Graad 12-inhoud gevra word. Dit is egter belangrik dat kandidate 'n grondige algemene kennis van die basiese elemente van musiek, musiekstyle, instrumente en musikale vormkonstruksie het. Kortvrae, verpligtend vir alle kandidate, met 'n maksimum gewig van 20 punte, sal in hierdie afdeling van die vraestel ingesluit word.

3.3 Musiekbegrip: Vraestel 2

Toepassing van alle vaardighede en kennis verwerf in Graad 10 en 11 sal saam met dié verwerf in Graad 12, in hierdie vraestel getoets word. Dit sal die gevolg hê dat kandidate 'n deeglike oorsig van die Algemene Musiekkennis-**kurrikulum** vir Graad 10 tot 12 het.

4. KWALITEIT VAN INHOUD, TAALGEBRUIK EN AANBIEDING

Vrae wat handel oor Musiekgeletterdheid en wat musieknotasie bevat, moet altyd in potlood beantwoord word, terwyl alle ander antwoorde in blou of swart ink geskryf behoort te word.

Antwoorde wat handel oor Algemene Musiekkennis en Analise, moet slegs relevante inligting bevat wat in volsinne, met korrekte spelling, en korrekte gebruik van leestekens en sinskonstruksie geskryf word. Puntsgewyse antwoorde, in telegramstyl, moet slegs gebruik word waar spesifiek daarvoor gevra word. Antwoorde wat in paragraafformaat aangebied word moet sinvol en logies uiteengesit word. Opsteltipe antwoorde moet 'n inleidende paragraaf, inhoudparagraaf (een of meer paragraaf) en 'n slotparagraaf bevat. Punte sal spesifiek toegeken word vir die korrekte gebruik van opstelformaat, bv. inleiding en slotparagraaf.

Algemene Musiekkennisvrae sal merendeels verwys na die elemente van musiek: toonkleur (timbre), toonhoogte (melodie, harmonie en tonaliteit), toonduur (metrum, ritme, tempo), toonsterkte (dinamiek), tekstuur (toondigtheid), vorm (musiekstruktuur), instrumentasie, stemming- en atmosfeer. Leerders moet ook algemene kennis van musikale terme, instrumente, stylperiodes en komponiste van die Graad 10- en 11-sillabus hê.

Vrae in die Musiekgeletterdheidsvraestel waarin die skryf van musieknotasie vereis word moet in potlood gedoen word en die notasie moet duidelik en ondubbelsinnig wees. Waar analise verlang word, moet die algemeen aanvaarde werkswyse gevolg word naamlik, seksies word bo-aan die notasie aangedui, terwyl toonsoorte en akkoordbesyfering onder die notasie aangedui word. Komposisionele tegnieke kan met blokke, hakkies of deur dit te omkring, aangedui word. Kortvrae moet in volsinne beantwoord word, tensy 'n ander opdrag gegee word.

VOORBEELD: GEHOORTOETS

GEHOORKOMPONENT (15)

VRAESTEL VIR DIE EKSAMINATOR

1. Bladsang
(Student mag die bladsang vir 30 sekondes bestudeer. Pas *doh* aan indien nodig.) (8)



2. Bestudeer die musiekfrase en klap die ritme. (5)



3. Sing van drieklanke (2)

3.1 3.2



TOTAAL: 15

VOORBEELD: GEHOORTOETSE

GEHOORKOMPONENT (15)

ANTWOORDBLAD VIR KANDIDAAT

1. Bladsang
(Leerder mag die bladsang vir 30 sekondes bestudeer. Pas *doh* aan indien nodig.)



OF

Doh is C	d : m	r . d : r	m . f : s . s	d' :–

Punt: ____

2. Bestudeer die musiekfrase en klap die ritme. (5)

Punt: ____

3. Sing van drieklanke (2)

3.1 _____

3.2 _____

Punt: ____

TOTAAL: 15

VOORDRAGSTUKKE

- Elke kandidaat moet vier stukke aanbied. Verskillende style, tempo's en karaktersoorte moet ingesluit word.
- Een van die stukke moet 'n ensemble wees. Vir die doeleindes van hierdie eksamen, bestaan 'n ensemble uit 2–8 persone. Elke party moet onafhanklik wees en nie deur 'n ander speler verdubbel word nie.
- 'n Volwassene of onderwyser mag aan die ensemble deelneem (bv. as begeleier), maar daar moet ten minste een ander skoolgaande leerder aan die ensemble deelneem.
- Ensemblewerke waaraan twee of meer Graad 12 leerders deelneem, moet soveel keer herhaal word as wat deur die eksaminator vereis word.
- Improvisasie mag deel vorm van enige van die stukke, maar 'n struktuurpartituur ('Lead sheet') moet vir die eksaminator verskaf word.
- Kandidate wat stukke op 'n hoër standaard as die vereiste minimumstandaard aanbied (Graad 5) sal beoordeel word op die standaard wat aangebied word. Hulle word nie bevoordeel tensy die stuk of stukke tegnies korrek, met akkurate karakterskildering en stilistiese insig aangebied word nie. Dit beteken dat 'n kandidaat wat 'n stuk van 'n hoër standaard swak speel, op dieselfde manier beoordeel word as 'n kandidaat wat 'n Graad 5-stuk swak speel.

ALGEMEEN

- Die musiekonderwyser van die skool, of die instrumentele onderwyser van die kandidaat, mag by die eksamen insit as toeskouer, maar moet die lokaal verlaat wanneer die punte bespreek word.
- Geen punte mag aan die onderwyser(s), leerder of ouers bekendgemaak word nie. Alle punte bly streng vertroulik, soos immers met alle geskrewe vraestelle in alle vakke die geval is.

Kopiereg voorbehou

5. ASSESSERINGSKRITERIA

Die assesseringskriteria vir die tegniese werk, bladlees en voordragstukke word hieronder gegee.

5.1 TEGNIESE WERK

TOONLERE EN ARPEGGIO'S / STEMOEFENINGE / BASIESE VAARDIGHEDE

(2 PUNTE ELK)

Toonlere en Arpeggio's

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____
6. _____
7. _____
8. _____
9. _____
10. _____

TOTAAL _____

20

Die bostaande kan aangepas word om by die spesifieke aard van 'n bepaalde instrument aan te pas. Stemoefeninge moet op toepaslike toonhoogtes gevra word.

AFRIKA-INSTRUMENTE/STEMSTUDIES		
	MAKSIMUM PUNT	**PUNT TOEGEKEN**
STUDIE 1	10	
STUDIE 2	10	
TOTAAL	**20**	

ASSESSERINGSKRITERIA VIR TEGNIESE WERK
10x2 = 20

2	Vinnige tempo, vlot, akkuraat en egalig Goeie tegniese vaardigheid, Goeie toonkwaliteit en intonasie Flink reaksie
1½	Redelike tempo Stresbelewing is sigbaar Redelike tegniese vaardigheid met 'n klein glips Toonkwaliteit en intonasie meestal veilig Redelike flink reaksie
1	Meestal vlot maar onegalig hier en daar Tegniek en tempo weifel Meestal vloeiend met tegniese en tempo-huiweringe Toonkwaliteit en intonasie wissel Huiwerend en onseker by tye
½	Kennis van die struktuur is gebrekkig Heelwat nootfoute kom voor Tegnies onhandig Swak toonkwaliteit en intonasie Begin oor by herhaling Swak toonsoortbegrip
0	Geen sin vir vloei nie Baie growwe foute Geen sin vir struktuur nie

5.1 BLADLEES

ASSESSERINGSKRITERIA VIR BLADLEES

Puntetotaal: 15

Styl & Interpretasie 5	Akkuraatheid 5	Vloeiendheid 5
(5) UITSTEKEND Musikaal oortuigend, Smaakvolle frasering, Kunstige artikulasie Sinvolle dinamiese vlakwisseling	**(5) UITSTEKEND** Akkurate leeswerk van note, rustekens, frasering, Artikulasie en dinamiek	**(5) UITSTEKEND** Egalige en toepaslike tempo Vlot uitvoering
(4) GOED 'n Mate van frasering, artikulasie en Dinamiese vlakwisseling	**(4) GOED** Meestal akkurate leeswerk van note, rustekens, frasering, artikulasie en dinamiek	**(4) GOED** Tempo hoofsaaklik gehandhaaf
(3) AANVAARBAAR Sekere aspekte van musikale styl word oorgedra	**(3) AANVAARBAAR** 'n Aanvaarbare vlak in die leeswerk van note, rustekens, frasering, Artikulasie en dinamiek,	**(3) AANVAARBAAR** Aanvaarbare tempo dog ietwat stadig Vloei aanvaarbaar
(2) SWAK Min aandag aan musikale interpretasie	**(2) SWAK** Meestal onakkurate leeswerk	**(2) SWAK** Onaanvaarbare tempo, heeltemal te stadig Vloei nie suksesvol nie
(0-1) ONAANVAARBAAR Geen aandag aan musikale detail nie	**(0-1) ONAANVAARBAAR** Uitvoering laat vaar of opgeskort	**(0-1) ONAANVAARBAAR** Musiek staan stil Geen vloei nie

5.3 VOORDRAGSTUKKE

ASSESSERINGSKRITERIA VIR VOORDRAGSTUKKE EN ENSEMBLE

100 punte vir elke stuk ÷ 4 = 25 punte per stuk = 100 punte

Vloeiendheid **10**	**Akkuraatheid** **10**	**Stilistiese singewing** **30**	**Musikale begrip** **20**	**Algemene indruk** **30**
(9-10) **UITSTEKEND** Akkurate, vloeiende en presiese spel	**(9 -10)** **UITSTEKEND** Oortuigende, akkurate spel	**(27 -30)** **UITSTEKEND** Duidelike begrip van die toepaslike styl	**(18-20)** **UITSTEKEND** Uitstekende projeksie en kommunikasie van musikale inhoud	**(27 -30)** **UITSTEKEND** Uitstekende toonkleur, intonasie, tegniese vaardigheid en geskikte tempo
(7-8) **GOED** Meestal akkurate, vloeiende spel	**(7-8)** **GOED** 'n Goeie vlak van akkuraatheid	**(21 – 26)** **GOED** 'n Goeie sin vir uitvoering in die toepaslike styl	**(14-17)** **GOED** Goeie musikale begrip en kommunikasie van musikale inhoud	**(21 – 26)** **GOED** Goeie toonkleur, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(5-6) **AANVAARBAAR** Merendeels akkuraat, Aanvaarbare vloei	**(5-6)** **AANVAARBAAR** Akkuraat in die algemeen	**(15-20)** **AANVAARBAAR** 'n Redelike sin vir die toepaslike styl	**(10-13)** **AANVAARBAAR** Gedeeltelik suksesvolle kommunikasie van die musikale inhoud	**(15-20)** **AANVAARBAAR** Redelike toonkleur, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(3-4) **SLAAGWAARDIG** Huiwerende tempo, maatslag vaag, haakplekke	**(3-4)** **SLAAGWAARDIG** Gedeeltelike akkurate spel	**(9-14)** **SLAAGWAARDIG** Uitvoering wankelrig, min stilistiese singewing vind plaas	**(6-9)** **SLAAGWAARDIG** Min musikale begrip	**(9-14)** **SLAAGWAARDIG** Karige toonkleur, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(1-2) **SWAK** Swak vloei, baie haakplekke, heelparty tweede pogings en onderbrekings	(1-2) **SWAK** Min akkurate spel, baie foute	(6-8) **SWAK** Styl is vaagweg herkenbaar	(2-5) **SWAK** Musikale singewing afwesig	(6-8) **SWAK** Swak toonkleur, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo
(0) **ONAANVAARBAAR** Kan die stuk nie speel nie	**(0)** **ONAANVAARBAAR** So onakkuraat dat die partituur nie gevolg kon word nie	**(0-5)** **ONAANVAARBAAR** Spel onaanvaarbaar, geen sin vir styl	**(0-1)** **ONAANVAARBAAR** Geen vermoë om musikale betekenis oor te dra nie	**(0 - 5)** **ONAANVAARBAAR** Geen sin vir toonkleur, intonasie, tegniese vaardigheid en tempo

6. SLOT

Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie Eksamenriglyne-dokument as 'n instrument sal dien om onderwysers te versterk en te bemagtig om geldige en betroubare assesseringsitems in al hul klaskameraktiwiteite op te stel.

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.

Die **graad 12-modelvraestel** dien as 'n verdere riglyn.

Kopiereg voorbehou